SEEKUNDE SPESIALISASIE

AKTIWITEIT 1: INLEIDING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusaanbieding so te open dat die kursus suksesvol aangebied kan word.

STANDAARDE
a) Dat die kursus met ‘n gepaste godsdienstige aktiwiteit geopen word.
b) Dat die KG kennis neem van die algemene inhoud van die kursus.
c) Dat die KG ‘n positiewe kursusgroep vorm wat mekaar ken en ondersteun.

AKTIWITEIT 2: DIE MENS EN DIE SEEOMGEWING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die invloed van die mens op die see omgewing te bepaal.

STANDAARDE
a) Dat die KG ‘n positiewe gesindheid teenoor die see en die onmiddelike omgewing opbou.
b) Dat die KG verstaan watter nadelige invloed die mens op die omgewing van die see kan hê. (besoedeling/beskadiging)

AKTIWITEIT 3: KEN DIE SEE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vetroud te maak met die algemene eienskappe van die see en sy omgewing.

STANDAARDE
a) Dat die KG die verhouding van vastelande en oseane op die aarde begryp.
b) Dat die KG verstaan hoe getye ontstaan en hoe dit weer die omgewing beinvloed.
c) Dat die KG die onstaan van rotsformasies verstaan.
d) Dat die onstaan van seestrome deur die KG verstaan word en die vaardigheid aangeleer word om dit uit te wys.
e) Dat die KG die onstaan van strande verstaan en hoe die see die strande verander.
f) Dat die KG die onstaan van golwe begryp.
g) Dat die KG sal kennis dra van die gevare wat getye, branders, rotse ensovoorts inhou vir die mens.

AKTIWITEIT 4: SEELEWE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die lewe in en by die see omgewing.

STANDAARDE
a) Dat die KG ‘n algemene kennis opdoen van algemene eetbare en giftige seevisse.
b) Dat die KG die gewoontes van die vernaamste soogdiere van die see ken.
c) Dat die KG ‘n basiese kennis opdoen van die algemeenste seeplante.
d) Dat die KG kennis opdoen van die algemene seelewe in die getypoele.
e) Dat die KG die algemeenste voëls in die onmiddelike omgewing van die see kan uitwys.
f) Dat die KG sal kennis neem van diere, plante, ensovoorts wat gevaarlik is vir die mens.

AKTIWITEIT 5: VOEDSEL VAN DIE SEE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger toe te rus om in die omgewing van die see water en voedsel te herwin.

STANDAARDE
a) Dat die KG seewater vir menslike gebruik kan herwin.
b) Dat die KG die algemene eetbare plante in en om die see ken.
c) Dat die KG die algemene eetbare en nie eetbare ongewerweldes sowel as die gewerweldes kan uitwys en weet hoe dit geoes kan word.
d) Dat die KG die algemene riglyne rondom die oes van eetbare produkte uit die see geken en nagekom word.
e) Dat die KG sal kennis dra van diere, plante, ensovoorts wat giftig is en nie veilig is om te eet nie.
f) Dat die KG ten minste een ete sal voorberei uit produkte wat uit die see geoes is.

AKTIWITEIT 6: SEE EN LAND

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger kennis te laat opdoen rondom die ontmoeting van landwater en seewater.

STANDAARDE
a) Dat die KG die onstaan van riviermondings, vleie en mere by die see verstaan.
b) Dat die KG verstaan watter ekologiese invloed die ontmoetings van die land met die see het.
c) Dat die KG die algemene ekologie van so 'n bepaalde omgewing kan ondersoek.

AKTIWITEIT 7: DUINE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die algemene lewe in en om die duine by die see.

STANDAARDE
a) Dat die KG kennis opdoen van die meer algemene duineplante
b) Dat die KG die duinelewe in die omgewing waarneem.
c) Dat die KG weet hoe duineforamsies vorm en die tipes duine kan uitwys.
d) Dat die KG weer besef watter nadelige invloed die mens op die ekologie van die duinelewe het.

AKTIWITEIT 8: KLIMAAT/WEER

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die algemene kennis en vaardighede te laat bemeester om die algemene weerpatrone by die see uit te wys.

STANDAARDE
a) Dat die KG die algemene weerpatrone by die see kan herken.
b) Dat die KG die vorming van wolke verstaan en tipes kan uitken.
c) Dat die KG die invloed van wind op die weerpatrone verstaan.
d) Dat die KG die reënval van die omgewing bepaal.
e) Dat die KG ‘n eenvoudige weerstasie kan oprig en die inligting kan gebruik om ‘n weervoorspelling te waag.

AKTIWITEIT 9: OORLEWING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die beginsels van oorlewing in die kusgebied.

STANDAARDE
a) Dat die KG ‘n skuiling by die see kan oprig.
b) Dat die KG die algemene tegnieke bemeester om kaarte van die kusgebiede te gebruik.
c) Dat die KG fisiese (water en voedsel) en geestelike oorlewing in die kusgebied kan toepas.

AKTIWITEIT 10: HENGEL

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die algemene tegnieke van hengel by die see aan te leer.

STANDAARDE
a) Dat die KG algemene hengelgerei by die see kan gebruik.
b) Dat die KG kennis opdoen oor die meer algemene tipes aas wat gebruik word.
c) Dat die KG ervaring sal opdoen in diepseehengel, rotshengel of strandhengel.
d) Dat die KG die algemene regulasies ten opsigte van hengel ken en kan nakom.

AKTIWITEIT 11: WATERSPORT

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om kennis te maak met die meer algemene sportsoorte wat by die see bedryf word.

STANDAARDE
a) Dat die KG die basiese teorie van skubaduik verstaan.
b) Dat die KG snorkelduik self kan beoefen met die nodig kennis van getypoele.
c) Dat die KG die gevare wat seil, branderplankry en kragbote by die see kan veroorsaak verstaan.

AKTIWITEIT 12: MAKKERHULP

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger praktiese eerstehulp vaardighede aan te leer wat by die see benodig word.

STANDAARDE
a) Dat die KG die beginsels van lewensredding by die see verstaan en kan toepas.
b) Dat die KG die algemene mediese probleme wat by die see voorkom kan voorkom en eerste hulp toepas waar nodig. (sonbrand, hitteuitputting, hipotermie, bloublasies, haaibyte, beserings met rotse en ander seemateriaal)
c) Dat die KG met vertroue radio’s, morsekode en seinvlae kan gebruik.

AKTIWITEIT 13: ONDERSTEUNINGSDIENSTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger kontak met die bekende publieke ondersteuningsdienste te laat opdoen.

STANDAARDE
a) Dat die KG die basiese strukture, regulasies en reëls van die publieke ondersteungsdienste wat beskikbaar is om hulp te verleen by die see sal ken. (NSRI, lewensredders, parkeraad, natuurbewaring, SAPD, burgerlike beskerming, vuurtorings, Portnet)
b) Dat die KG besoek bring of ontvang van een of meer van die dienste.
c) Dat die KG sal weet hoe en wanneer die onderskeie dienste gekontak kan word.

AKTIWITEIT 14: SONNESTELSELS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met algemene sterrekunde

STANDAARDE
a) Dat die KG die aarde in die sonnestelsel en ander belangrike planete kan plaas.
b) Dat die KG die basiese sterregroepe sal uitken.
c) Dat die KG die invloed wat ander planete op die aarde het kan verstaan.
d) Dat die KG die invloed wat die sonnestelsel op getye het sal verstaan.

AKTIWITEIT 15: KAMPBEPLANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger ervaring te laat opdoen om ‘n kamp by die see te beplan.

STANDAARDE
a) Dat die KG al die sake wat van belang is vir ‘n offisier om ‘n kamp by die see te hou, vanaf vetrek tot tuiskoms, bespreek.
b) Dat die KG met al die kennis, vaardighede en algemene ingesteldheid wat in die kursus aangeleer is, ‘n kamp vir ‘n groep Voortrekkers by die see kan beplan.
c) Dat die Kg sal kennis neem van al die waterwerkkampe wat landwyd aangebied word, asook watter kursusse en kentekens op hierdie kampe aangebied word om sodoende ‘n keuse uit te oefen waar hy/sy graag sal wil inskakel.

AKTIWITEIT 17: AFSLUITING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursus op ‘n gewone Voortrekkerwyse af te sluit.

STANDAARDE
a) Dat die kursus volgens normale prosedure geevalueer word.
b) Dat die kursus afgesluit word wat by die bepaalde omstandighede pas.